Sit die Vonk terug in 'ons' Huwelik

WAT SÊ MENSE SOEK HULLE IN DIE HUWELIK?KAMERAADSKAP! TELEURSTELLING: IS NIE SO NIE!LEES PRED 1:4 & 9:7-9

WAT IS DIE ELEMENTE VAN `N SUKSESVOLLE HUWELIK?

Langtermyn Faktor - Vriendskap

- Wat is dit? Ervaarde hartverbintenis – beleef dieselfde saam, eensgesind, sonder maskers, onbedreigd toelaat om te beïnvloed. Foute is Okey; ek is welkom soos ek is; jy is nie haastig met my nie; gee my tyd en spasie; sien my nood; ek hoef nie te presteer nie; ons staan saam **teen** die wêreld!

- Wat laat huwelike hou ten spyte van KONFLIK?In die praktyk werk die reëls van konflikhantering nie – dis vergete! Net dit: Die "vriendskapsfaktor" is sterker as konflik!

Eienskappe van vriendskap

a. Ken die detail van mekaar se binnewerk – verstaan mekaar! My antenna tel alle voor- en afkeure op – waarvan sy/hy hou! Ek ken haar vrese – haar stres!Toets jouself met 'n klomp "wat" en "watter" vrae – bv. Voorkeure.

   - Onthou, die mens verander gedurig –bly dus by! Anders… Dis hoe ons uitmekaar groei….

   - Kuier op 'n bepaalde manier by mekaar. Waaroor gesels ons regtig? Hoe dikwels oor probleme?

     - Vriende gesels oor sport, liefde, standpunte – lekker dinge
     - Egpare gesels oor stukkende goed, tuin moet verbeter, familie probleme – alles ernstig!

- Ons behoort soos vriende te kuier: as ons gaan koffie drink sal ons geen probleme bespreek nie! Ons behoort oor nonsens te kan gesels – dis simbool van vriendskap; met ‘n openheid om soms ook ernstig te kan raak en hart oopmaak!

b. Behandel mekaar soos beste vriende – laat staan jou belangrike dinge vir jou vriend: “dis mos waarvoor vriende daar is…” Behandel ons mekaar so?

   - Onthou PRIORITEIETE in my lewe! Wie en wat kom eerste? My vriende? Werk? Kinders? Of my vrou/man? Maak ek soms vir haar koffie? Shop in mekaar se winkels? Kyk mekaar se TV programme?

c. Vier die lewe saam! (Kyk ‘n slag na Don Juan de Marco – Brando) Kyk in mekaar se oë. Daar’s ‘n tyd om te treur; ‘n tyd om te dans; ‘n tyd om bly te wees! Die lewe bring genoeg van sy eie smart!

   - “Fun is allowed for no reason at all – unlike life!”
   - Doen onbeplande dinge saam – net vir die fun! Lag ‘n slag!

d. Bou bevestigende rituele in huwelik om die huwelik te onderhou.Spesiale geleenthede, Bybellees en bid, kerslig eet, fliek gereeld – rituele waarvoor ek kan voorberei – om my kop reg te kry!

e. Hê ruggraat in ons vriendskap - commitment (toewyding)

   - om ‘n droom te leef;
   - om alles in te sit vir die beste verhouding!